

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

ABSA Bank v Relmar Investments (26514/2010) [2011] ZAWCHC 479 (27 October 2011) [2011] ZAWCHC 479

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

Henney R

CASE / FILE NUMBER

26514/2010

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOE HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: 26514/2010

DATUM: 27 OKTOBER 2011

In die saak tussen:

ABSA BANKAppellant

en

RELMAR INVESTMENTSRespondent

UITSPRAAK

HENNEY, R:

In die saak van Absabank, die applikant, en Relmar Investments (Edms) Beperk, die respondent, is daar 'n bede dat respondent finaal

gelikwadeer word. Daar was alreeds 'n voorlopige bevel toegestaan. Voor die bevel finaal gemaak was, was daar 'n aansoek gewees vir die verlenging van die bevel nisi, en het die respondent die aansoek geopponeer. Die bevel was vroeër hierdie jaar deur Traverso, ARP gemaak. Die finale bevel vir die likwidasië van die maatskappy is toe later geopponeer.

Ek is van oordeel dat op die stukke die respondent nie 'n behoorlike saak uitgemaak het oor waarom die finale bevel nie toegestaan moet word nie. Dit is so dat die respondent nie eens in staat is om sy skulde te betaal nie. Daar is al meer as vonnis meer as 'n jaar gelede teen die

respondent verleen. Die respondent se argument dat hy deur 'n verteenwoordiger van die applikant bqlowe was dat daar werkskapitaal aan horn verskaf sal word wat nie eerbiedig was nie en as gevolg hiervan die maatskappy in 'n posisie geplaas was om nie behoorlik besigheid te dryf nie, omdat die belofte nie nagekom is nie, was deur die applikant ontken. In elk geval, dit was nooit aangevoer as 'n verweer in 'n verstekvonnis aansoek en ook in 'n summiere vonnis aansoek deur die respondent teen die applikant in hierdie hof wat hierdie likwidasie aansoek voorafgegaan het nie.

Derhalwe word die bevel dat die respondent gelikwideer word finaal toegestaan met koste in likwidasie.

HENNEY, R

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2011/479.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/absa-bank-v-relmar-unknown-topic-awchc-2011>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria